LYNNWOOD GEMEENTE

'N JAAR VAN GASVRYHEID 2019

# 10 MAART

**09:00 Erediens – Lydensweek 1**

Peet Crous

*Markus, Christus en lewe* Mark 8:27 – 9:1

**09:00 Kleuterkerk**

*Almal welkom!*

**09:00 Kategese gr 1-6**

**18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe** (Snr. Kategese)

Eric Scholtz

**19:00 Belydenisklas – A21**

Petro Barnard

*#1 Kursus: 4. Wie is ek?*

# 17 MAART

**09:00 Erediens – Lydensweek 2**

Immanuel van Tonder

**18:00 Aanddiens**

Liani Louw

Voorbidding:

*Yvonne Youbert*, St Peters Garden Estate 28, Jacqueline Drive 457, Garsfontein, 012 361 6746 – swaer, Kobus Oosthuizen, is oorlede.

*Hermann en Gisela Rolfes en gesin,* Elizabeth Grove 424, Lynnwood, 083 460 2976 – Gisela se pa, Dieter Vogel, is ernstig siek.

Paassangdiens : 14 April 2019
Palisander kom sing!

Verkoop van Alcadeweg 79
Geslote, skriftelike aanbiedinge word ingewag by die kerkkantoor. Die sluitingsdatum is 7 April 2019. Kontak asseblief vir Byron by 083 415 6262.

I will not die an unlived life.
I will not live in fear
of falling or catching fire.
I choose to inhabit my days,
to allow my living to open me,
to make me less afraid,
more accessible;
to loosen my heart
until it becoms a wing,
a torch, a promise.
I choose to risk my significance,
to live so that which came to me as seed
goes to the next blossom,
and that which came to me as blossom,
goes on as fruit.

(Dawna Markova)

---

Gasvryheidsbediening nooi al die nuwe lidmate hartlik uit na 'n Nuwe Lidmate-tee na die diens in die Kapel.



Aanddiens-musiekleier, Armand Fourie, verhuis Kaap toe. Ons neem vanaand van hom afskeid. Groot dank en waardering vir al die jare se betrokkenheid!

# Die week se kalenderaktiwiteite

| | |
|---|---|
| **Maandag:** | **Ad hoc Eiendomme vergadering** 18:00 (Kerkkantoor). |
| **Dinsdag:** | **Gemeentevroue Groep 4** 09:30 (Beverley Heunis, Strubenkopstraat 384, Lynnwood, 082 927 2817). Spreker: *Marina de Wet.* Tema: *Die Vrou.*<br>**Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413.<br>**Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836.<br>**Bybelstudie** 19:15 (Koinonia) – Immanuel van Tonder 083 540 6015.<br>Spreker: *Prof. Fanie Vermaak*. Tema: *Sirië en die Bybel*. |
| **Woensdag:** | **Kleingroep vir Mammas met babas en kleuters** 10:00 – 11:30 (in die jeugsentrum) – Liesel Strasheim 082 344 4323.<br>**Gasvryheidsbediening vergadering** 17:00 (A21)<br>**"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Jane van der Linde. |
| **Donderdag:** | **Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord).<br>**Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413.<br>**Jong Volwasse Bybelstudie** – 19:00 (Sjêk) – Liani Louw 079 506 4078. |
| **Vrydag:** | **Skole sluit.**<br>**Gebedsgroep** 09:30 (B5). Hanthi 083 293 0263 \| Peet 079 893 5572 met gebedsversoeke. |

## Hoe kan 'n kruis die kernsimbool van Christene wees?

As mens mooi daaroor nadink, is dit baie vreemd dat die Christendom die kruis as kern simbool van die godsdiens gebruik. Aan die een kant is die kruis 'n teken van geweld, marteling, lyding, pyn, verwerping en dood. Dink net daaraan, dit word op grafte aangebring! Die kruis verwys na die diepste vereenselwiging van Jesus met ons menslike toestand. Deur Jesus se lyding en kruisiging kry ons 'n kykie diep in die hart van God. God ly saam met ons. Mense en die skepping is nie alleen in lyding nie. Die kruis beeld God se intieme liefde en empatie uit vir mense en die skepping wat ly.



Vir die meeste Christene is die kruis meestal net 'n teken van verlossing en vergifnis. Natuurlik is dit ook so, maar as ons nie die kruis ook as simbool van lyding, pyn en dood raaksien nie, gaan ons nie die omvattende en ingrypende aard van die verlossing verstaan nie. Ons onderdruk of ontken baie keer lyding en pyn in ons lewens. Hierdie ontkenning verdoof ons vir die pyn van ander en die skepping. Die gevolg is dat ons ons lewens inperk vir volle kaleidoskoop van kleure wat die Here aan ons bied, ook in lyding.

God neem alle lyding ernstig op. Hy hang aan 'n kruis! So nooi die kruis jou uit om eerlik te wees oor *jou eie pyn, die pyn van ander en die skepping*. Wat is jou reaksie op die pyn in jou eie lewe? Wat maak jy met die pyn en lyding om jou? Raak dit jou?

Daar word soveel keer in die Bybel geskryf hoe God barmhartig en medelydend is. Jesus se emosies van empatie word gereeld weergegee as dat Hy iemand *innig jammer* gekry het. Kan jy ervaar hoe God se vereenselwiging met die pyn nuwe moontlike oopsluit?

*Lydenstyd begin hierdie week.* Dit bied aan ons geleentheid om by die kruis te staan en eerlik in kontak te kom met die pyn in onsself en om ons. Oorweeg gerus om iewers 'n kruis opsigtelik te plaas of selfs te dra, sodat dit jou kan herinner aan die lyding en die bevryding!

Groete
**Immanuel van Tonder**
*(namens die Predikantespan)*

Lidmate wat instrumente kan speel en graag by die musiekbediening betrokke wil raak, kan vir Marina kontak by 082 505 2616.



*Ons twee musikante Rolf Rencken en Marina de Wet wat verlede Sondag die musiek gelei het*

*Twee bakkie vragte vol goedere van Nuwe Generasie aan Wespoort! Juan en Liani soos altyd, aan die werk...*





*Doop tydens die afgelope oggenddiens*





*Jeanri en Liani, die spilpunt van ons spanbenadering by die Nuwe Generasie bediening, is by die afgelope Aanddiens aan die gemeente voorgestel*



*Geskenkpakkies met 'gereedskap' vir florerende verhoudings by die afgelope Vlerke-vir-families-kursus*



*Groep vroue wat die afgelope Wêreldbiddag vir Vroue bygewoon het*

Ons bou palet tafeltjies vir die vierkant vanaf 09:00 – 13:00 op 16 Maart. Bring jou gereedskap saam as jy graag wil kom help.

*Henk Wasserman* is tydens die afgelope Kerkraadsvergadering as Kerkraadslid (primarius) vir die Gesinsbediening verkies.

# Kontak ons!

012 348 1245
Kantoorure: Ma-Do 07:30 – 13:00, Vry 08:00-12:00
kerkkantoor@nglynnwood.co.za;
www.nglynnwood.co.za
Posbus 36430, Menlopark, 0102
Sussexlaan 439, Lynnwood (GPS: S 25° E 28° 15.93)
084 588 4948 Juan Ferreira (koster)
073 267 7019 Maretha Brits (kombuis)
bets@nglynnwood.co.za (lokaalhuur)
012 348 1245 (CD bestellings (diens en begrafnis)
kerkkantoor@nglynnwood.coz.a (Muur van herinnering)

**Lidmaatskap:** Het jou inligting verander of wil jy 'n lidmaat word? Aanlynvorm: **www.nglynnwood.co.za – meer info – vorms | Kontak: 012 348 1245 of e-pos** bets@nglynnwood.co.za.

**Doopregistrasie:** Aanlynvorm: **www.nglynnwood.co.za – meer info – vorms | Kontak:** 012 348 1245 of e-pos bets@nglynnwood.co.za.

**Motorwagdonasies:** Houers in die portaal beskikbaar. Dankie vir u ondersteuning.

Klein advertensies: stuur gerus vir plaas op die kennisgewingborde en in *Gemeenskapsblad* op die web.
Kliek hier vir die *Gemeenskapsblad* (pdf).

GOOI IN KOLLEKTEBORD |
HANDIG IN BY DIE *INFO*-TOONBANK

Besoeker? Nuwe intrekkers? Ons wil jou graag leer ken!
Naam & Van: ..................................................

..................................................

..................................................

@ ..................................................

☎ ..................................................

| | | | |
|---|---|---|---|
| Enkel | ☐ | Jonggetroude | ☐ |
| Tiener | ☐ | Gesin | ☐ |
| Student | ☐ | Senior-lidmaat | ☐ |
| Jongvolwassenes | ☐ | | |




**Kennisgewingborde:** Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of *Info*-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

**Herwinningshouers:**
In die parkeerarea (Sussexlaan) – bring gerus herwinbare artikels. Maak asseblief artikels kartonhouers en blikkies plat.

**Vind ons op facebook by die volgende groepe:**
Lynnwood Gemeente, Nuwe Generasie (@nuwegenerasielynnwood) of Musiek at Lynnwood Gemeente

**Deel dit met ons!**
Het jy 'n **voorstel/droom/inspirasie** om te deel oor ons gemeente? Stuur 'n e-pos aan kerkkantoor@nglynnwood.co.za

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing. Bankbesonderhede: NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nommer 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing) en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.